**Maandag 23 Desember**

| Skrifgedeelte: Openbaring 2 | Fokusgedeelte: Openbaring 2:4 |
|---|---|

## Is ons getrou aan die Here Jesus (6)

Die Here stel dit duidelik: *Wees getrou tot die dood toe, en Ek sal jou die kroon van die lewe gee*. En weer: *Die wat oorwin, sal deur die tweede dood geen skade ly nie*.

Ons moet altyd in die stryd staan teen die duiwel. Pasop dat jy nie Satan se bondgenoot word omdat hy jou dryf dat jy die Here op so ’n manier dien dat jy Hom later nie meer dien nie. Mens kan die Here met jou verstand ken, maar met jou hart van Hom af wegvlug. Waak dat so ’n verduistering nie in ons inkom nie.

Daar kom al hoe meer versoekings op ons pad. Dis versoekings wat so geslyp is dat baie van hulle soos die waarheid lyk. Onthou ons Here se woorde in Markus 13:22: *Want daar sal valse christussen en valse profete opstaan, en hulle sal tekens en wonders doen om, as dit moontlik was, ook die uitverkorenes te mislei. Maar julle moet op julle hoede wees. Kyk, Ek het alles vir julle vooruit gesê*.

Dit is ook waarom die Heilige Gees na ons toe gestuur is – sodat Hy ons verstandelik tot geloofsinsig en kennis kan bring. Maar ongetwyfeld ook om ons die warmte van God se nabyheid te laat beleef. Sodat ons met hart en siel moet glo en by die waarheid bly. Alles sodat die Here Jesus Christus ons eerste liefde bly.

*Sing: Skrifberyming 2-4:1*

*Dr. MJ du Plessis (Thinus) (Emeritus)*